

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

G v G, In Re: G v G (67/2013)

[2015] ZAFSHC 99 (28 May 2015)

[2015] ZAFSHC 99

COURT

Free State High Court, Bloemfontein

BEFORE

Williams, WR

CASE / FILE NUMBER

67/2013

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

SAFLII Note: Certain personal/private details of parties or witnesses have been redacted from this document in compliance with the law and SAFLII Policy

IN DIE HOË HOF VAN SUID AFRIKA

VRYSTAATSE AFDELING, BLOEMFONTEIN

Aansoeknommer:

(Saaknommer 67/2013)

In die saak tussen:

A[...] C[...] G[...] en G[...] G[...] G[...] G[...] N.O. B[...] P[...] G[...] N.O. ANDRIES JOHANNES DE JAGER
N.O.G[...] G[...] N.O. W[...] F[...] G[...] N.O. B[...] P[...] G[...] N.O. ANDRIES JOHANNES DE JAGER N.O.
G[...] G[...] N.O. W[...] F[...] G[...] N.O. B[...] P[...] G[...] N.O. ANDRIES JOHANNES DE JAGER N.O.
G[...] G[...] N.O. W[...] F[...] G[...] N.O. B[...] P[...] G[...] N.O. ANDRIES JOHANNES DE JAGER N.O.
G[...] G[...] N.O. ANDRIES JOHANNES DE JAGER N.O. G[...] G[...] N.O. B[...] P[...] G[...] N.O. W[...]
F[...] G[...] N.O. ANDRIES JOHANNES DE JAGER N.O. IN RE: In die saak tussen: G[...] G[...] En A[...]
C[...] G[...] Applikante 1ste Respondent 2de Respondent 3de Respondent 4de Respondent 5de
Respondent 6de Respondent 7de Respondent 8ste Respondent 9de Respondent 10de Respondent
11de Respondent 12de Respondent 13de Respondent 14de Respondent 15de Respondent 16de
Respondent 17de Respondent 18de Respondent 19de Respondent 20ste Respondent 21ste
Respondent 22ste Respondent Eiser Verweerder

CORAM: WILLIAMS, WR

UITSPRAAK DEUR: WILLIAMS, WR

AANGEHOOR OP: 14 MEI 2015

GELEWER OP: 28 MEI 2015

[1] Die partye in hierdie aangeleentheid is betrokke in 'n egskeidingsgeding teen mekaar. Die eerste respondent (hierna “die

respondent” genoem) in hierdie aansoek is die eiser in die hoofgeding. In haar teeneis het die huidige applikante, 'n

vordering in terme van artikel 7(3) van die Wet op Egskeiding, 1979 teen haar man ingestel vir die oordrag van 50% van sy bates. Verder tot subparagraaf 8.2 van die teeneis kom die volgende vordering voor:

“Verdermeer is bovermelde ook toepaslik by die entiteite soos trusts en maatskappye welke deel vorm van die alter ego van die eiser op die basis dat die volle besonderhede van voormelde entiteite nie huidiglik bekend is aan verweerderes nie, maar welke op 'n latere stadium gevoeg sal word tot hierdie aksie.”

Die hoofsaak was aanvanklik op die rol vir verhoor tydens Mei 2014, maar is uitgestel op versoek van die applikant/verweerderes, welke dan ook aanspreeklik gehou is vir die verspilde koste. Die rede vir die uitstel was glo dat die applikante sekere trusts waarby respondent 'n belang het wou voeg.

[2] Intussen, ongeveer November 2014, het die verweerderes van prokureurs gewissel. Die verhoor is weer terrolle geplaas vir 14, 15 en 17 April 2015, maar het verweerder se huidige prokureur skriftelik vir eiser se prokureur einde Januarie 2015 in kennis gestel dat vermelde datums nie geleë is nie. Die brief vermeld verder dat die prokureur opdrag gekry het om ses verskillende trusts van die eiser as medeverweerders in die hoofsaak te voeg.

[3] In hierdie aansoek smeek die applikante in haar kennisgewing van mosie vir onder andere die volgende bevel:

“1. Tweede tot en met twee-en-twintigste respondente word as tweede tot twee-en-twintigste verweerders in die eis in rekonvensie geliasseer deur applikante in haar hoedanigheid as verweerderes in saaknommer 67/2013 gevoeg, en wat verder gelas dat:

1.1 applikante se bestaande teeneis geliasseer onder saaknommer 67/2013 en gedateer 7 Maart 2013 hiermee gewysig en vervang word deur aanhangsel “ACG1” tot die funderende verklaring;”

Die vermelde respondente is almal trustees van ses verskillende trusts waarby respondent betrokke is. Die vermelde aanhangsel “ACG1” maak na my mening, die gewone bewerings dat die trusts die alter ego van die respondent sou wees. Die vordering dan teen die betrokke trustees lees as volg:

“B1. Dat dit verklaar word dat vermelde trusts die alter ego van die eerste verweerder is;

B2. Dat dit verklaar word dat die bates en laste van voormelde trusts deel vorm van die boedel van die eerste verweerder;

B3. Dat as sulks, die bates en laste van vermelde trusts in ag geneem word as deel van die boedel van die eerste verweerder.”

[4] In haar funderende verklaring som die applikante bogemelde feite op en beweer in paragraaf 4.3 daarvan dat ten tye van die liassering van die verweerskrif en teeneis, was die volle besonderhede van vermelde entiteite nog nie aan haar bekend nie. Daar is intussen vasgestel dat die respondent direk en/of indirek in sy verteenwoordigende hoedanigheid by verskeie trusts betrokke is, die besonderhede waarvan alreeds na verwys is. Sy stel dan verder in paragraaf 5 dat dit net reg en billik sal wees om in die omstandighede die voeging en uitbreiding van die teeneis toe te laat. Daar is ook op rekord geplaas dat die respondent formeel ingevolge hofreël 35(3) op 2 September 2014 versoek is om alle dokumentasie met betrekking tot die vermelde trusts bloot te lê, waarop respondent geantwoord het tot die effek dat hy nie oor enige van die dokumente beskik het nie en dat hy geadviseer is dat daar nie van hom verwag kom word in sy huidige hoedanigheid om die inligting te bekom nie. Hy het vermeld dat die dokumentasie gehou word deur die trust se boekhouer, mnr André de Jager.

[5] Respondent opponeer die aansoek in persoonlike sowel as in verteenwoordigende kapasiteit. Geen magtiging is daarvoor deur sy

mede-trustees verleen nie, maar mnr Fischer SC, wie namens die applikante opgetree het was daarmee tevrede. In kort het die respondent aangevoer dat die aansoek gebrekkig en sonder meriete is. Hy het verder gekla oor die vertraging van die egskeidingsgeding en verskeie ander probleme wat hy tans ervaar as gevolg daarvan. Hy het gepleit dat die trusts nie gevoeg moet word nie en het redes gegee waarom die trusts nie as sy alter ego beskou moet word nie. In sy argument het mnr Wessels SC, wie namens die respondent opgetree het, meestal op tegniese punte gesteun vir die afwys van die aansoek.

[6] Volgens mnr Fischer is die aansoek gebaseer op hofreël 24(2), saamgelees met hofreël 10(3). Hofreël 24(2) lees as volg:

“As die verweerder geregtig is om aksie in te stel teen ’n ander persoon sowel as die eiser, hetsy gesamentlik, gesamentlik en

afsonderlik, afsonderlik of in die alternatief, kan hy met verlof van die hof by wyse van ’n teeneis teen die eiser en so ’n ander persoon ageer soos die hof mag voorskryf.”

In breë het hy betoog dat die aansoek interlokutêr van aard is en het na die saak van Badenhorst v Badenhorst 2006(2) SA 255 [par 9] verwys, as synde gesag dat bates van ’n trust in aanmerking geneem kan word by ’n egskeiding, waarin bepaal moet word wat oorgedra aan ’n gade moet word, nieteenstaande die feit dat sodanige bates in die trustees vestig. Hy het verder betoog dat die applikant geregtig is om ’n teeneis teen die eiser/respondent tesame met die ander entiteite in te stel en dat sy geregtig is om hierdie hof vir sodanige magtiging te nader. Hy het in Engels betoog en die term “entitled and entitlement” beklemtoon. Met verwysing na die Hosch-FöMRDERTECHNEK SA (Pty) Ltd v Brelko CC 1990(1) 393 (W) te 395 B – H, blyk dit gemeensaak te

wees dat 'n applikant nie op hierdie stadium 'n prima facie kans van sukses in die teeneis hoef te bewys nie. Mnr Fischer het dan ook verwys na die beslissing van *Lethimvula Health Care v Private Label Promotion* 2012(3) SA 143 (GSJ) te para [8] en [9] in die verband. Ek hoef derhalwe geen aandag te gee aan die meriete van die hoofaksie nie. Mnr Fischer het ook verder verwys na die aangeleentheid van *Ploughmann N.O. v Pauw en 'n Ander* 2006(6) SA 334 (CPD) te 341 E waarin bepaal is dat die hof 'n inherente mag het om 'n bevel uit te reik vir die voeging van 'n verdere party tot 'n aksie wat alreeds begin het, ten einde te verseker dat persone wat 'n belang in die dispuut het voor die hof mag kom.

[7] Mnr Wessels het vier hoofargumente gevoer waarom die aansoek afgewys moet word. Hulle kan soos volg opgesom word:

7.1 Eerstens dat in terme van Artikel 7(3) van die Egskeidingswet, 70 van 1979, slegs bates van 'n gade oorgedra kan word na die teenparty. Die hof, volgens hom, kan nie enige regshulp verleen teen 'n ander derde nie, in hierdie geval, die trusts. Hy het verwys na die saak van *RP v DP* 2014(6) SA 243 en veral na paragrawe [35], [51] en [52] daarvan, vir die argument dat 'n hof nie 'n diskresie het in terme van Artikel 7(3) om ware bates van 'n trust as bates van die persoonlike boedel van 'n trustee te beskou. Verder dat dit onnodig is om 'n bevel te verlang dat bates van 'n trust oorgedra word na die persoonlike boedel van 'n trustee. Hy het ook verwys na *WT and Others v KT* (SCA case 933/2013), [2015] ZASCA 9, veral te par. [36], veral waar die vraag ten aansien van die wye diskresie van die hof soos in artikel 7(3) voorkom nie beslis is nie. Verder is geargumenteer dat hofreël 24(2) ook bepaal dat 'n eiser in rekonvensie ook 'n skuldoorsaak teen die derde party moet hê wat hy wil voeg. Die teeneis moet derhalwe op sy eie bene kan staan. Die applikant hierin het geen skuldoorsaak teen die trustees nie, volgens mnr Wessels.

7.2 Mnr Wessels het tweedens aangevoer dat hofreël 24(2) by noodwendige implikasie voorskryf dat die hof genader moet word vir die voorskrifte daarin bedoel, voordat die teeneis ingestel word. Hy het aan die hand gedoen dat die applikante derhalwe minstens aansoek moes gedoen het vir 'n verlenging van tyd soos in hofreël 27 beoog.

7.3 Die derde argument, gekoppel aan die tweede, is dat die applikant 'n kondonasie aansoek moes gerig het vir die feit dat sy nie die voegingsaansoek van die trusts gedoen het voor die instel van die teeneis nie.

7.4 Laastens is verwys na hofreël 24(1) wat bepaal dat 'n teeneis saam met die verweerskrif afgelewer moet word. Derhalwe sal die applikant se teeneis teen die trusts buitenstyd ingestel word, waarvoor kondonasie verkry moet word. Op 'n vraag hoe die applikant sal kan vasstel wat die trustbates, ensovoorts, behels het mnr Wessels betoog dat die trusts se teenwoordigheid by die hoofgeding by wyse van 'n subpoena duces tecum bewerkstelling kan word.

[8] Ek is van mening dat mnr Fischer se argumente meer suiwer is. Soos hy geantwoord het, soek die applikante nie 'n bevel teen die trusts in terme van die Egskeidingswet nie. Al wat sy tans verlang is 'n verklarende bevel soos reeds na verwys. Alhoewel dit dalk nie nodig is om 'n bevel teen die trusts te vra nie, beteken dit nie dat hulle nie gevoeg mag word as belanghebbende partye nie. Die feite in die *RP/DP* saak- supra is in wese presies dieselfde as

in casu. In Julie 2012 het die eiser daarin vir egskeiding gedagvaar. Eers tydens Julie 2013 het die verweerderes 'n aansoek geloods om trustees te voeg sowel as 'n wysiging van haar teeneis. Alhoewel die basis vir die beslissing geskoei was op "piercing the trust", is die regsverligting toegestaan. Ek stem saam met die vermelde uitspraak te paragraaf [58] wat soos volg lees:

"I therefore come to the conclusion that the trust and therefore the trustees have a real and substantial interest in applicant's

claim, and accordingly that they should be joined as parties to the action. Also, I find that he proposed amendment of the applicant's

particulars of claim to reflect the joinder and the claim that certain trust assets should be considered to be assets in the personal estate of the first respondent, is not excipiable, and the amendment should be granted."

Alhoewel artikel 7(3) nie in vermelde beslissing oorweeg is nie, meen ek dat die artikel nie aanwending vind in casu vir die rede hierbo vermeld.

- [9] Die tweede argument namens die respondent is ook nie aanvaarbaar nie. Hofreël 24(1) bepaal dat 'n eiser in rekonvensie 'n eis in rekonvensie tesame met sy pleit moet liasseer, tensy die eiser of daarna die hof verlof verleen dat dit later afgelewer mag word. Ek verstaan nie Hofreël 24(2) om 'n soortgelyke verpligting op 'n eiser in rekonvensie te plaas nie. Daar word geen tydsbepaling in die betrokke subreël voorgeskryf nie, wat 'n litigant noop om die bepalings van Hofreël 27 na te kom. Trouens, waar 'n hof in terme van subreël 1 magtiging kan verleen dat 'n eis in rekonvensie op 'n latere stadium eers ingestel word, sou daar geen rede wees waarom dieselfde nie van toepassing sou wees op Hofreël 24(2) nie.
- [10] Op sterkte van bogemelde, is dit derhalwe ook onnodig om 'n kondonasie aansoek te loods.
- [11] Wat die vierde argument betref, is die antwoord alreeds hierbo verskaf. Die applikant vra nou eers verlof om haar teeneis te wysig om sodanig die trusts te betrek. Daar kan nie geredeneer word dat die aflewering daarvan buitenstyd sou wees nie. Die kennisgewing van mosie maak juis in paragraaf 1.2 daarvan voorsiening dat die pleitstukke in die hoofaksie op al die respondente as verweerders in die eis in rekonvensie ooreenkomstig Hofreël 4 beteken moet word.
- [12] Wat koste betref het mnr Fischer gevra dat eerste respondent dit moet dra. Mnr Wessels het gesuggereer dat die koste moet oorstaan vir beregting by die hoofgeding. Paragraaf 2 van die kennisgewing van mosie smee egter dat koste in die geding moet wees,

alternatiewelik oorstaan vir latere beregting. Dieselfde smeekbede kom voor in mnr Fischer se hoofde van betoog. Ek is van mening dat koste moet oorstaan vir die redes soos deur mnr Wessels aangevoer.

[13] Die hof het dan ook 'n diskresie om die voeging toe te staan waar die belange van geregtigheid dit verg. Ek oefen in my beskeie hoedanigheid sulke diskresie uit ten gunste van die applikant.

[14] Die volgende bevele word verleen:

1. Bede 1 van die kennisgewing van mosie word verleen.
2. Die koste van die aansoek staan oor vir beregting by die egskeidingsgeding tussen die applikant en eerste respondent.

A. WILLIAMS,WRJ

Namens die applikant : Adv. P U Fischer SC

In opdrag van : W J Herbst

Hill, McHardy & Herbst Ingelyf

BLOEMFONTEIN

Namens eerste tot twee-

en twintigste respondente: Adv. M H Wessels SC

In opdrag van: J H Conradie

Rossouws Prokureurs

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAFSHC/2015/99.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/g-v-g-unknown-topic-afshc-2015>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria